# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (23/20)*

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 19 Junie 2020*

***"Agriculture is our wisest pursuit because it will in the end contribute most to real wealth, good morals and happiness" Thomas Jefferson***

## COVID-19 "COMPLIANCE" BEAMPTE – JOU WAARDEVOLSTE WERKNEMER

Dit is 'n vereiste dat alle ondernemings 'n COVID-19 "compliance"-beampte aanstel. Hierdie persoon is verantwoordelik vir die implementering van alle COVID-19 vereistes in die werkplek. Dit is noodsaaklik dat hierdie beamptes 100% vertroud is met die werksplek se riglyne, hulle moes 'n risikobepaling gedoen het en risikobestuur geïmplementeer het. Alle werknemers by die werkplek moet weet wie die beampte is, en moet vry voel om die beampte te nader indien hulle in gevaar is. Die beampte moet ook nakoming verseker - en die bevoegdheid hê om diegene wat nie die reëls nakom, aan te spreek. Dit is duidelik – die regering het die verantwoordelikheid na ons almal verskuif om te verseker dat ons gesond bly.

Om die COVID-19 "compliance"-beampte by te staan om hul verantwoordelikhede te verstaan, het die Citrus Academy 'n kort aanbieding ontwerp. Die plan is om dit aan alle COVID-19 "compliance"-beamptes (en enige ander persoon wat belangstel) voor te lê. Hier is die skakel wat mense kan gebruik om vir die Covid-19 Compliance Officer Zoom-opleidingskursus te registreer: https://www.citrusacademy.co.za/courses/e-learning-courses/covid-19-compliance-officer-training

Ons het twee datums daargestel om mee te begin. Ons sal registrasies noukeurig monitor en meer byvoeg namate die behoefte ontstaan.

CGA wil ook graag met alle COVID-19 "compliance"-beamptes kommunikeer - stuur asseblief u naam en besonderhede aan Paul Hardman by ph@cga.co.za

## TENDENS ANALISE - NIE IN 2020 NIE

Baie van ons hou daarvan om na figure, grafieke en tabelle te kyk; ons hou daarvan om wat in die verlede gebeur het, te ontleed, deur dit te gebruik om te bepaal wat in die toekoms gaan gebeur. Wees versigtig as jy dit in 2020 doen. Neem die verpakking en verskeping van pomelo's as voorbeeld. Die seisoen was vroeg, maar uitvoerders het ook die behoefte gesien om so vinnig as moontlik te probeer pak en verskeep - die rasionaal was om soveel as moontlik in die mark te kry vanweë hul relatiewe leegheid, en weens die feit dat daar 'n tekort aan werkers later in die seisoen kon wees (namate die pandemie vererger). Diegene wat na die pomelo-vragte gekyk het, het moontlik aanvaar dat dit 'n hoë volume seisoen aandui; maar kyk na die syfers van hierdie week: die verpakking van pomelo's is nou onder beide 2018 en 2019. Byna 80% van die seisoen se pomelo's is nou in kartonne. Die vertraging in skepe sal 'n mate van opeenhoping in die markte beteken - dit beteken nie noodwendig meer vrugte nie; verskeping sal nie die patroon van vorige jare volg nie. Wees dus versigtig wanneer u vorige jare se tendense op wat in 2020 gebeur, toepas.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde Week 24 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2018** | **2019** | **2020** | **2019** | **2020** | **2020** | **2020** | **2019** |
| Pomelo's | 13.5 m | 12 m | 11.2 m | 8.6 m | 8.6 m | 16.7 m | 14.6 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 7.4 m | 7.6 m | 9.6 m | 5.3 m | 7.1 m | 23.3 m | 22.6 m | 18.3 m |
| Suurlemoene | 11 m | 11.5 m | 17.2 m | 8.2 m | 13.6 m | 26.4 m | 27.6 m | 22.1 m |
| Nawels | 11.4 m | 9.9 m | 10.8 m | 4.5 m | 5.9 m | 26.5 m | 26.5 m | 24.3 m |
| Valencias | 1 m | 1.4 m | 2.3 m | 0.1 m | 0.5 m | 50.4 m | 50.5 m | 46.8 m |
| **Totaal** | **44.3 m** | **42.4 m** | **51.1 m** | **26.7 m** | **35.7 m** | **143.3 m** | **141.8 m** | **127.5 m** |

**CGA GROEP MAATSKAPPYE (CRI, RIVIER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**